Les 4 - Openbaring 4

Troon van God in die hemel

4 1 Hierna het ek gesien, en kyk, 'n
deur wat in die hemel geopen is,
en die stem wat ek voorheen so
hard soos 'n basuin met my hoor praat
het, het gesê: “Kom op hierheen, en Ek
sal aan jou wys wat hierna moet
gebeur.” 2 Onmiddellik het die Gees
van my besit geneem, en kyk, daar
was 'n troon in die hemel, en Iemand
wat op die troon sit. 3 Die Een wat
daarop sit, se voorkoms was soos
•jaspis en •karneool, en rondom die
troon was daar 'n reënboog wat net
soos •smarag lyk. 4 Rondom die troon
was daar vier-en-twintig trone, en op
die trone het vier-en-twintig ouderlinge
gesit. Hulle het wit klere gedra, met
goue krone op hulle koppe. 5 Vanuit die
troon het daar weerligstrale, dreunings
en donderslae gekom. En voor die
troon het sewe vuurfakkels gebrand –
die sewe Geeste van God. 6 Voor die
troon lyk dit soos 'n see van glas, net
soos kristal. In die middel van die
troon en rondom die troon staan daar
vier lewende wesens, vol oë aan die
voorkant en agterkant. 7 Die eerste
lewende wese lyk net soos 'n leeu; die
tweede lewende wese net soos 'n kalf;
die derde lewende wese het 'n gesig
net soos 'n mens, en die vierde
lewende wese lyk net soos 'n arend
wat vlieg. 8 Die vier lewende wesens
het elkeen ses vlerke, wat reg rondom
en aan die binnekant vol oë is. Sonder
om te rus, herhaal hulle dag en nag:
“Heilig, heilig, heilig is die Here God,
die Almagtige, Hy wat was en wat is
en wat kom.” 9 En telkens wanneer die
lewende wesens heerlikheid en eer en
dank bring aan Hom wat op die troon
sit, aan Hom wat vir ewig en ewig leef,
10 val die vier-en-twintig ouderlinge in
aanbidding neer voor Hom wat op die
troon sit. Hulle aanbid Hom wat vir
ewig en ewig leef, en sit dan hulle
krone voor die troon neer, terwyl hulle
sê: 11 “U is waardig, ons Here en God,
om die heerlikheid en die eer en die
krag te ontvang, omdat U alle dinge
geskep het; deur u wil het alles
ontstaan, is dit geskep.”

Bible Society of South Africa. Die Bybel 2020-vertaling (Hoofletteruitgawe) (Afrikaans Edition) (pp. 3935-3936). Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kindle Edition.

Oorsig

In 4:1-2 begin die tweede groot visioen in die ontvouing van hier-die vertelling. Die eerste visioen was dié van die verheerlikte Christus in sy kerk (1:9-3:22). Die volgende visioen teken God wat die Skepper (4:1-11), maar ook die Verlosser (5:1-14) is. En omdat Hy wat op die troon sit in beheer is van ons geskiedenis, het Hy die reg om sy oordeel oor die goddeloses te voltrek - wat deur die seëls, trompette en bakke uitgebeeld word - maar ook om sy verlossing te demonstreer deur die verseëling van die gelowiges en die afmeet van die tempel met die nuwe Jerusalem as die hoogtepunt. Openbaring 4-5 gee as inleiding tot die res van Openbaring (hfst 4-22) aan die lesers 'n besonderse God- en Christusperspektief sodat ons die res van die verhaal beter kan verstaan. Oordeel en verlossing word vervleg en afgewissel, en beskryf God

se besig-wees met die mensegeskiedenis.

24 Ouderlinge

As ons by die 24 ouderlinge begin, tref die uitdrukking reg rondom die troon ons (4:4). Ons kan dit soos volg voorstel: Die reenboog is verti-kaal rondom die troon, en die 24 trone met die 24 ouderlinge wat daarop sit horisontaal rondom die troon. Dit teken 'n aanbiddingstoneel waarin die 24 ouderlinge die eerste konsentriese sirkel rondom die troon vorm.
In die tweede konsentriese sirkel neem die lewende wesens, verteenwoor-digend van die skepping, stelling in.
Wie is hierdie 24 ouderlinge? Ons lees hulle dra wit klere en het goue krone op hulle koppe en sit op die 24 trone. Verskillende interpretasies is hier moontlik:

- die 12 aartsvaders (Ou Testament) plus die 12 apostels (Nuwe Testa-ment); dus die volledige "volk van God" (Gen 21:12-13);
- die heiliges van die Ou Testament in priesterlike drag volgens die
- Levitiese orde;
- die hele gemeenskap van gelowiges, gebaseer op die priesterskap vol-gens 1 Kronieke 24:4-5; dit is die 24 afdelings van musici en afstammelinge van Levi;
- die kerk as die ware Israel - die hemelse oorwinnaars wat getrou volhard het;
- 'n hemelse hofsitting op die trone om saam met God te oordeel, of
- 'n geselekteerde groep van 24 engele as God se boodskappers.
- Die sleutel tot 'n verantwoorde keuse lê vir seker in die term "ouder-linge" (Grieks: presbuteroi). Daarvolgens kan die 24 ouderlinge geas-sosieer word met die volk of die kerk van God, 12 volgens die stamme van die Ou Testament en 12 volgens die getal apostels in die Nuwe Testament.

Ouderlinge

Volgens die Ou Testament het die oudstes die volk voorgegaan, en in die sinagoges het die raad van oudstes, met 'n hoof, die sinagoge bestuur. Ook in die Sanhedrin, die Joodse Raad, het die oudstes 'n besonderse plek inge-neem. Die oudste (Grieks: zagen) van die Ou Testament het die ouderling (Grieks: presbuteros; Vulgaat: senior) van die Nuwe Testament geword. Ou-derlinge het siekes vertroos (Jak 5:14), gepreek (1 Tim 5:17) en saam met die apostels die gemeentes versorg en bestuur (Hand 15:4, 6, 23). Die ou-derlinge in Efese is episkopoi of presbuteroi genoem. Die liggaam of raad van ouderlinge is 'n presbuterion genoem.

Volgens Openbaring is die ouderlinge aanbidders (5:14; 11:16; 19:4) en lofprysers (4:11; 5:9-10; 11:17-18; 14:3; 19:4). Hulle tree ook op as tussengangers en interpreteerders (5:5; 7:13-17). Die ouderlinge sit op trone, ter-wyl die heiliges voor die troon staan (4:4; 7:9; 11:16). Die heiliges het hemel-se wesens geword voor God se troon. Die ouderlinge bring ook die gebede van die heiliges voor God se aangesig (5:8). Volgens Openbaring kan die ouderlinge in hulle priesterlike funksie dus as die volk of die kerk van God gesien word.

Die vier lewende wesens in
Openbaring 4 lyk soos 'n leeu, 'n bul, 'n gesig van 'n mens en 'n arend wat vlieg (4:7). Die vier wesens lyk soos die genoemde voorstellings. Hierdie beeld is waarskynlik ook aan Esegiel 1:5-6, 10-11 ontleen.
Die vraag is wat dié vier figure voorstel. Verskillende interpretasies van hierdie figure is al deur die eeue heen gegee:

- Die kerkvaders het die vier Evangelies met die vier figure geassosi-eer: Gewoonlik het Lukas die mensgesig, om menslikheid voor te stel; Matteus is die leeu, om koninklikheid uit te beeld; Markus is die bul, om diensbaarheid voor te stel, en Johannes is die arend in vlug, om Goddelikheid te simboliseer. Verskeie kerkvaders (Irenaeus, Vik-torinus, Atanasius) het van mekaar verskil oor dié assosiasies.
- Sommige meen Esegiël 1 bevat die uitleg vir hierdie figure. Esegiël het in Babilonie gewoon en gebruik gemaak van die Babiloniese mi-tologie. Hiervolgens word die vier hoeke van die diereriem in die sterrehemel gevorm deur Taurus (bul), Leo (leeu), Scorpio (mens) en Aquarius (arend). Laasgenoemde twee pas egter nie in by die vier figure van Openbaring 4 nie.
- Ander het die figure vergeestelik en dan allegories verklaar: moed en koninklike majesteit (leeu), geduld en krag (bul), intellek en gees-telikheid (mens) en onafhanklikheid en spoed (arend).
- Enkeles vergelyk hierdie figure met die vier stamme van Israel: Ju-da, Ruben, Efraim en Dan.
- Ander dink aan die figure as verteenwoordigend van die hele skep-ping, as uitbeeldings van die edelste (leeu), sterkste (bul), slimste (mens) en vinnigste (arend). Dit was ook die Joodse rabbi's se uit-leg.
- Daar is ook 'n groep wat tipiese Assiriese en Babiloniese beelde van leeus met vlerke of sinkse met mensgesigte en lerke met dié vier figure verbind.

Seraf en gerub
Die term "seraf" kom uit die antieke mitologiese verhale en kan 'n slang (14:29;
30:6) of 'n engelagtige wese (6:2, 6) beskryf. Ook die gerubs (Eseg 10:14) is engelagtige wesens volgens mitologiese oorlewerings. Die Bybelskrywers het terme uit die mitologiese verhale geneem en dit met nuwe betekenisin-houde gevul. 'n Mooi voorbeeld is die draak (Op 12) of Babiloniese monster wat die rol van die Satan vervul.

Bron

Jan du Rand, Die A-Z van Openbaring: ’n Allesomvattende perspektief op die boek Openbaring, CUM, Vereeniging, 2007